I Korintiërs Week 12: Eindig 22 Maart https://totueer.blog/52-weke/ **Uitleef van verlossing**

Antwoord op verdeeldheid (1-4)	**Antwoord oor onsedelikheid (5-6)**	**Antwoord op verskeie vrae (7-16)**
Geskryf in Efese, 56 nC		
Bekommernis: Verdeeldheid	Veroordeling: Onsedelikheid	Onderrig: Uitdagings in die kerk

Dag	**Dag se brood**	**Meer heuning**
Ma	I Kor 1	I Kor 1-2
Di	I Kor 4	I Kor 3-4
Wo	I Kor 5	I Kor 5-7
Do	I Kor 10	I Kor 8-10
Vry	I Kor 12	I Kor 11-12
Sat	I Kor 13	I Kor 13-14
Son	I Kor 15	I Kor 15-16

Memoriseervers:

Besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? ...Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik. (I Kor 6:19-20)

In Romeine kry ons die leer van die vryspraak van sonde en die uitwerking daarvan op die lewe van die Christen. Die briewe van die Korintiërs fokus op die toepassing van verlossing op die lewe van die Kerk. Die gelowige moet besef dat die nuwe lewe in Christus 'n nuwe lewenswyse vereis omdat die Heilige Gees nou in hom woon. Die vraagstukke van die Korinte word uit dié lig geantwoord.

Hoofstuk 1-4 behandel die vraagstuk van gesag en leierskap in die gemeente wat tot verdeeldheid gelei het. Daar was aanhangers van Paulus, Apollos, Petrus en ander wat gesê het "Ons is van Christus". Dit dui op hulle geestelike onvolwassenheid. Dit is nie menslike insig en wysheid wat hulle na Christus toe gebring het nie, want dis die Gees wat onderrig en inspireer. Paulus antwoord in 3:1-9. Ek het geplant, Apollos het natgenooi, maar dit is God wat laat groei. (1 Kor 3:6)

Onsedelikheid word behandel in 5:1-13 en 6:12-20. 'n Mens se liggaam is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie, maar is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam Here is. (1 Kor 6:13). Hy gee die opdrag dat so persoon streng veroordeel moet word om sodoende sy gees te red vir die dag as die Here kom.

Hofsake word in 6:1-11 behandel. Geskille tussen lidmate van die gemeente moet in die gemeente besleg word en nie in heidense howe nie.

Verskeie vrae:

Gewetensake moet tot eer van God opgelos word: *of julle eet en of julle drink, doen alles tot eer van God.* (1 Kor 10:31).

Hoofstuk 11 bespreek die plek van die vrou in die gemeente en die regte gebruik van nagmaal.

Hoofstukke 12-14 handel oor geestelike gawes. Die gemeente is die liggaam van Christus. Elke lidmaat het 'n belangrike funksie – nie een is belangriker as 'n ander nie.

Hoofstuk 15 bevat 'n baie belangrike gedeelte oor die opstanding van die liggaam.

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde

Onsedelikheid (I Kor 5:1-13 en 6:12-20).

Paulus antwoord dit wat die Korinthe vra:
Die vraagstuk hier is hoe om jou sedelik te gedra.

Die Korinthe het hul in onsedelikheid begeef
'n man en sy stiefma het as egpaar saamgeleef (I Kor 5:1-2)
Sulke mense moet julle onder julle uitveeg
'n Bietjie suurdeeg deutrek die hele deeg! (I Kor 5:6)

Julle kan nie uit hierdie wêreld padgee
maar met onsedelikes saamleef? Nee!
Veral nie die wat hulleself gelowiges noem…
Jy moenie oordeel, God self sal hulle verdoem! (I Kor 5:9-13)

Jou liggam is nie bedoel om die seksuele te begeer
Dis die Here se liggaam, jy moet Hom daarmee eer! (I Kor 6:13b)

Jou liggaam is 'n tempel van die Gees
Laat jou lewe dan ook só wees.
Jou lewe vertel die verhaal:
Jy is duur gekoop en betaal! (I Kor 6:18-20)

Die liefde (I Kor 13).

Praat in tale sonder liefde,
is soos 'n klinkende metaal
en 'n galmende simbaal.

Al het ek al die kennis geleer,
en ek het geloof in die Heer,
is ek niks sonder die liefde.

Al gee ek alles wat ek het weg,
selfs my ligaam, is dit sleg
en baat dit niks sonder liefde.

Liefde is…
geduldig
en vriendelik.

Maar nie…
afgunstig,
grootpraterig,
verwaand,
onwelvoeglik,
en liggeraak.

Liefde soek nie eie belang,
hou nie boek van die kwaad,
vind vreugde in waarheid praat.
Ja, dis wat Sy liefde verlang.

Liefde
bedek alles,
glo alles,
verdra alles.

"Liefde sal nie ophou bestaan.
Al sal alles anders vergaan,
geloof, hoop en liefde bly,
maar die grootse is liefde vir My!"